
A+ STUDIEMATERIAAL. SAAMGESTEL DEUR ME. A. JONKER KOPIEREG VOORBEHOU.
KONTAK ONS: TOERISMENOTABOEK@GMAIL.COM

# TOERISME: OPSOMMENDE NOTAS
# GRAAD 12



## BUITELANDSE VALUTA VERHANDELING

# Buitelandse Valuta





**BBP (Bruto Binnelandse Produk)**

= maatstaf van alle goedere en dienste wat in 'n jaar in 'n land vervaardig en verkoop word.

BBP



Die BBP gee 'n aanduiding van hoe goed dit met 'n land se ekonomie gaan en dit beeld die land se nasionale inkomste uit.



**SA se BBP word hoofsaaklik uit die volgende sektore opgemaak:**

Mynbou; Visserye; Klere en tekstiele; Vervoer; Toerisme; Landbou- en voedselprossessering.




Let's Recap

**Die BBP en die vermenigvuldigerseffek:**

1. Toeriste besoek 'n land.
2. Hul spandeer geld tydens hul reise in daardie land.
3. Die besighede, waarby hul hul geld spandeer, baat direk.
4. Hierdie besighede kan werksgeleenthede skep en ondersteun weer
ander besighede in die omgewing – hulle baat dus indirek by toerisme.
5. Algehele lewenstandaard verbeter.



A+ STUDIEMATERIAAL. SAAMGESTEL DEUR ME. A. JONKER KOPIEREG VOORBEHOU.
KONTAK ONS: TOERISMENOTABOEK@GMAIL.COM

# EIENSKAPPE

## STERK VALUTA vs. SWAK VALUTA

| STERK VALUTA | SWAK VALUTA |
|---|---|
| Ook bekend as 'n harde geldeenheid. | Ook bekend as 'n sagte geldeenheid. Hierdie geldeenhede is ook geneig om wisselvallig te fluktureer a.g.v politieke onstabiliteit. |
| Teenoor ander geldeenhede **meer werd**. Kan dus meer hiermee aankoop in vergelyking met dieselfde hoeveelheid van 'n swakker geldeenheid. | Teenoor ander geldeenhede **minder werd**. |
| Verhandel vir **meer eenhede** as 'n swakker geldeenheid. | Verhandel vir **minder eenhede.** |
| Binnelandse toeriste vakansies is **meer bekostigbaar**. Kan ook makliker na ander lande reis. | Binnelandse toeriste vakansies is **duur**. Kan ook nie maklik na ander lande reis nie, aangesien dit onbekostigbaar raak. |
| Uitvoere raak **duurder**. | Uitvoere raak **goedkoper**. |

# GEVOLGE

### STERK VALUTA

- Goed vir lande wat meer invoere het.
- Uitvoere word duurder. Vraag na uitvoere verlaag.
- Reise na ander lande is goedkoper vir die inwoners (raak bekostigbaar).
- Minder buitelandse toeriste reis na hierdie lande: minder bekostigbaar.
- Ingevoerde goedere raak meer bekostigbaar.
- Verlaging in binnelandse vervaardiging en werkskepping, omdat die vraag na uitvoere laag is.
- Koopkrag vir mense in land verhoog.

A+ STUDIEMATERIAAL. SAAMGESTEL DEUR ME. A. JONKER KOPIEREG VOORBEHOU.
KONTAK ONS: TOERISMENOTABOEK@GMAIL.COM

# GEVOLGE

## SWAK VALUTA

- Goed vir lande wat meer uitvoere het.
- Uitvoere word goedkoper. Vraag na uitvoere verhoog.
- Reise na ander lande is duurder vir die inwoners (raak onbekostigbaar).
- Minder buitelandse toeriste reis na hierdie lande: minder bekostigbaar.
- Ingevoerde goedere raak duurder.
- Aangesien die vraag na uitvoere hoog is, stimuleer dit die vervaardiging en die uitvoer van produkte.
- Koopkrag vir mense in land verlaag.



# BYDRAENDE FAKTORE

## STERK VALUTA vs. SWAK VALUTA



Goeie handelsurplus teenoor ander lande.
- Hoë rentekoerse in tuisland.
- Lae inflasiekoers.
- Konsekwente beleide wat nie gereeld verander nie.
- Sterk binnelandse finansiële mark & 'n sterk binnelandse ekonomie.
- Ekonomiese- en politieke stabiliteit.

- Verhoogde binnelandse handelstekorte.
- Lae rentekoerse d.w.s minder beleggers.
- Hoë inflasiekoers.
- Doelstellings en beleide verander gereeld.
- Insinking van binnelandse finansiële mark. Swak binnelandse ekonomie.
- Ekonomiese- en politieke onstabiliteit.





Do the best you can. No one can do more than that.

— John Wooden